# GEMEENTEBULLETIN

**26 FEBRUARIE 2021**

STELLENBERG GEMEENTE

## AANLYN EREDIENSTE

**28 Februarie 2021**

Oggenddiens direkte uitsending 08:30 | Ds. Breytenbach

Meditatiewe diens 09:00 (kapel) | Aanlyn 12:00 | Ds. Dietmann

Familiediens direkte uitsending 09:30 | Ds. Potgieter

Jeugdiens direkte uitsending 18:00 | Ds. Ackerman

## EREDIENSTE HERVAT OP 7 MAART 2021

Vanaf Sondag 7 Maart word eredienste in die kerk en kapel hervat. Volgens huidige Covid-19-maatreëls mag net 50 persone per erediens toegelaat word. Lidmate wat een van die onderstaande vier dienste wil bywoon, moet asb. hulle plek voor of op Vrydag 5 Maart bespreek deur:

- 'n e-pos na karin@stellenberg.co.za te stuur,
- 'n WhatsApp of Telegram na 081 045 2428 te stuur, of
- skakel die kerkkantoor telefonies by 021 976 4519.

**Neem asseblief kennis dat al vier ons eredienste steeds aanlyn beskikbaar sal wees op www.stellenberg.co.za, of die gemeente se YouTube-kanaal.**

- 08:30 Oggenddiens in die kerk
- 09:00 Meditatiewe diens in die kapel
- 09:30 Familiediens in die kerk
- 18:00 Relevantdiens in die kerk

## WÊRELDBIDDAG VIR VROUE

Ons nooi vroue uit om dié geleentheid op Dinsdagaand 2 Maart om 18:30 in die kapel by te woon. Geen besprekings nodig nie.

### KONTAK ONS

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### DAAGLIKSE STEMBOODSKAPPE

Indien jy graag na die daaglikse boodskap ('n stemopname deur leraars) op jou selfoon wil luister, stuur asb. 'n WhatsApp, of 'n Telegram-boodskap met jou *naam* + *van* + *stemboodskap* na 081 045 2428.

### GEMEENTE-SELFOON

Die gemeente het nou 'n selfoonnommer

081 045 2428.

Navrae kan per WhatsApp of Telegram na dié nommer gestuur word.

## KATEGESE

Ouers en graad 1's tot 7's word uitgenooi om na afloop van die familiediens (10:10) by die aanlyn kategeseaanbieding aan te sluit. Gebruik die volgende Zoom-skakel om by die informele gespreksgroep aan te sluit: https://zoom.us/j/96037194877.

**Ons wil die Annibrand Junior-groep aanmoedig om by die aanlyn kategese in te skakel. Daar is baie interaktiewe aktiwiteite wat deelname aanmoedig en ouers hoef nie bekommerd te wees dat hulle self die praatwerk moet doen nie. Diegene wat reeds deelneem, geniet dit baie.**

Besprekingsmateriaal vir die Annibrand Junior-gespreksgroepe is op www.stellenberg.co.za beskikbaar.

Tieners kan na afloop van die Relevantdiens om 18:00 aan die Zoom-byeenkomste deelneem. Met die aanpassing van die Covid-regulasies sal graadgroepe om die beurt uitgenooi word om die gespreksgroepe in die kerk by te woon. Meer inligting op die Relevant-webwerf.

## GRAAD 8-KAMP 12 EN 13 MAART

Die graad 8-kamp word vanaf 12 tot 13 Maart op die kerkterrein aangebied. Dit is nie 'n oorslaapkamp nie. Ouers moet asseblief hulle kinders namiddae weer oplaai en tieners slaap almal tuis.

Inskrywingsvorms is op www.stellenberg.co.za beskikbaar.

## STELLENBERGER

Die Februarie-uitgawe is by die kerkkantoor beskikbaar, of lees die eletroniese weergawe op www.stellenberg.co.za.

## GRATIS BYBELLEES-HANDLEIDINGS

Ons wil lidmate uitdaag om hierdie jaar die Bybel van voor tot agter deur te lees. Die Bybel is ook vanjaar ons sentrale tema met die oog op preke. Jy kan jou eie Bybelvertaling gebruik om by Bybelleesprojek in te skakel, maar ons beveel tog aan dat lidmate die nuwe vertaling bekom. 'n Gratis Bybelleesgids kan by die kerkkantoor (weeksdae tussen 08:00 en 14:00) afgehaal word.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. 'n Kliniese sielkundige, spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

### ELEKTRONIESE NUUS

Maak seker dat jy elektroniese nuus van die gemeente ontvang. Jy kan die bulletin, asook die skakel na die aanlyn eredienste weekliks per e-pos ontvang, asook die gemeente se maandelikse nuusblad, *Stellenberger*. Stuur jou e-posadres na sanel@stellenberg.co.za om op die verspreidingslys geplaas te word.

## FEESMARK 2021

Ons verwelkom graag vir Karen Visagie wat voortaan die organisasie van o.a. die feesmark sal behartig. Sy sal vanaf 1 Maart 2021 op haar pos wees as geleentheidsorganiseerder en sal die aanbieding van die basaar, feesmark, die jaarlikse wynveiling en die Vosburg Karookuier behartig. Karen en haar man, Poena, is ook lidmate van die gemeente en ons wens haar sterkte met die groot taak toe.

Voornemende uitstallers sal vanaf 1 April met die aansoekproses vir feesmark 2021 kan begin. Ons beoog om die feesmark vanaf 19 Oktober tot 6 November 2021 aan te bied. Slegs aanlyn aansoeke sal – soos in die verlede – aanvaar word.

## KYK NA EREDIENSTE OP JOU SELFOON

Wil jy graag na die aanlyn eredienste op jou selfoon kyk? WhatsApp, of stuur 'n Telegramboodskap na 081 045 2428 met jou naam + van + aanlyn eredienste. Jy sal dan weekliks die skakel na die aanlyn diens per WhatsApp/Telegram op jou selfoon ontvang.

## WOLSKENKINGS

Ons breigroeplede is volstoom besig om serpe, musse en truitjies vir minderbevoorregte kinders te brei. Hulle waardeer enige skenking van bruikbare wol (selfs stukkies afvalwol), of kontantbydraes. Die lekker warm klere word dan gedurende die Julieskoolvakansie deur ons jeugbediening se uitreikspanne in die Karoo versprei. Indien inperkingsregulasies verhoed dat die uitreike voortgaan, sal ds. Why Duvenhage die gebreide artikels in die Karoo besorg en uitdeel.

## HELPERS BENODIG

Ons benodig helpers wat bereid is om Donderdagoggende vanaf 08:00 tot 10:00 maaltye vir minderbevoorregte gesinne voor te berei. Die etes word in die saalkombuis aangrensend aan die markplein voorberei. Kontak asb. vir Lindy by 021 976 4519/lindy@stellenberg.co.za indien jy kan help.

### EDELWEISS HUISDIENS

28 Feb. 18:00

Lukas 5:17-26: Liefde wen. (Geen Nagmaal weens Covid-19).

### BASAARDATUM SKUIF

Die jaarlikse basaar verskuif voorlopig vanaf Vrydag 5 Maart na Vrydag 16 April 2021. Maak asseblief 'n aantekening in jou dagboek.

### ALMANAKKE

Almanakke kan weeksdae tussen 08:00 en 14:00 by die kerkkantoor afgehaal word. Neem asseblief kennis dat die jaarbeplanning wat op die almanak uiteengesit is, onderhewig is aan Covid-19-inperkingsmaatreëls en aanpassings rakende eredienste, kategese en gemeentebyeenkomste sal op die webwerf en bulletin aangekondig word.

## FINANSIËLE BYDRAES

Leraars en die kerkraad is opreg dankbaar teenoor lidmate wat die gemeente se werksaamhede finansieel ondersteun, te midde van die finansiële uitdagings wat die Covid-19-pandemie ook aan lidmate stel. Bydraes kan soos volg gemaak word:

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word. Die posbus word daagliks leeggemaak.

### SnapScan

## MET LEEDWESE

- Ons neem afskeid van Sonya Elfreda Lamprecht ( 26/09/1946-22/02/2021). Sy was sedert 1973 'n meelewende lidmaat van die gemeente. Ons opregte meegevoel met haar man, Johan, Raphaelstr. 2, en haar drie dogters, skoonseuns en kleinkinders wat sy agterlaat. Haar roudiens is op Vrydag 26 Februarie 2021 in Bloubergstrand gehou.
- 'n Oud-lidmaat Stephanie (Steph) de Villiers is op 22/02/2021 oorlede. Ons opregte meegevoel met haar seun, Jacques en skoondogter, Marietjie, ook lidmate van die gemeente, wat sy agterlaat. Begrafnisreëlings is nog nie bekend nie.

## DIE GEMEENTE HET 'N SELFOONNOMMER

Die gemeente se nuwe selfoonnommer is 081 045 2428. Jy kan navrae per WhatsApp-, of Telegramboodskap na die nommer stuur. Neem asb. kennis dat die WhatsApp- en Telegramgroepe waarop dagstukke, asook die bulletin en skakel na die oggenddiens versprei word, nou ook aan dié nommer gekoppel, is.

Stel ons asseblief per WhatsApp of Telegram in kennis, indien jy nie meer die bulletin, skakel na die oggenddiens, of stemboodskappe ontvang nie.

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### WHATSAPP-GROEPE

Lidmate wat verkies om voortaan nie meer die WhatsApp-toepassing op hulle slimfone te gebruik nie, kan die bulletin, die skakel na die preke, of die daaglikse stemboodskap, ook deur middel van die Telegram-toep op hulle slimfone ontvang.

Die gemeente se WhatsApp-groepe sal egter voortgaan en lidmate wat aanhou om die WhatsApp-toep te gebruik, sal steeds die bulletin en die skakel na eredienste weekliks op Vrydae en die stemboodskappe daagliks per WhatsApp ontvang.